View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# Sport onder die soeklig: 'n Christelik-lewensbeskoulik-filosofiese besinning

B.J. van der Walt
Skool vir Filosofie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: hannah@intekom.co.za

## Abstract

### Spotlight on sport: a Christian-worldviewish-philosophical reflection

*The problem dealt with in this article is the fact that most people are involved in sport (as participants or spectators) without knowing what kind of activity it is or should be and how they should participate. Such a situation may result in the many outrages sport is suffering nowadays. By means of a Christian-philosophical analysis of this prominent phenomenon in modern society, an attempt is made to provide an answer. To attain this goal, the following steps are followed: A brief overview of the present situation in sport serves as an introduction. This is followed by three current wrong attitudes toward sport. Attention is then asked for the fact that, in spite of the deterioration in sport ethics, the necessary theoretical reflection – also among Christians – is lacking. The theoretical exploration which follows includes some Biblical perspectives and the influence of different Christian worldviews; an effort is also given to determine the nature of sport from a comparison between leisure, play, game and sport. A philosophical analysis of the structure and direction of sport follows with a few examples of the practical implications of such a theoretical approach.*

## Opsomming

### Sport onder die soeklig: 'n Christelik-lewensbeskoulik-filosofiese besinning

*Hierdie artikel behandel die probleem dat baie mense (deelnemers en toeskouers) vandag by sport betrokke is sonder dat hulle weet wat sport presies is en hoe hulle daaraan*

*behoort deel te neem. So 'n situasie mag 'n oorsaak wees vir talle sporteuwels. Deur middel van 'n Christelik-filosofiese analise van dié belangrike verskynsel in die hedendaagse samelewing, word na 'n antwoord gesoek. Om die doel te bereik word die volgende stappe gevolg: Die inleiding gee 'n kort oorsig oor die huidige sportsituasie. Daarna word drie gangbare verkeerde houdings teenoor sport bespreek. Vervolgens word die aandag daarop gevestig dat, ten spyte van talle sporteuwels, die nodige teoretiese refleksie daaroor by Christene ontbreek. Die daaropvolgende teoretiese besinning behels die ondersoek van enkele Bybelse perspektiewe asook die invloed van verskillende Christelike lewensvisies; 'n poging om die aard van sport te bepaal deur middel van 'n vergelyking daarvan met ontspanning en spel. Ten slotte word 'n filosofiese analise van die struktuur en rigting van sport gemaak met 'n aanduiding van enkele praktiese implikasies.*

## 1. Probleem, hipotese en metode

Wêreldwyd is miljoene mense by verskillende sportsoorte, as deelnemers en toeskouers, betrokke. Daarby is ook nog afrigters en die groot aantal professionele mense by sport betrokke, soos sielkundiges, dieetkundiges, sportgeneeshere, fisioterapeute, biokinetici en ander sportwetenskaplikes. Algemeen word ook aanvaar dat sport 'n groot invloed op ons hedendaagse samelewing uitoefen. Beroepsport is sinoniem met geld en roem. Sertifikate, diplomas en akademiese opleiding in sportwetenskap word deur technikons en universiteite aangebied. 'n Voetbal- of hokkie-*akademie* verhoog vandag die aansien van sulke instellings.

Daar gaan egter al meer stemme op dat verskillende sportsoorte deesdae nie in die eerste plek die goeie nie, maar eerder die slegste in mense na vore bring. Sporteuwels kom in die meeste sportsoorte voor. Mense kla dat sport nie meer werklik sport is nie, maar 'n oorlogsugtige bedryf geword het. Hoogland (1998:151) beskou sport byvoorbeeld as 'n "nuttelose bedryf" en Evink (1998:17) sê dat sommige sportsoorte (soos sokker) net 'n aanleiding tot kriminaliteit is.

Op die keper beskou, weet mense nie meer *wat* sport is nie en dus ook nie *hoe* dit beoefen behoort te word nie. Die veronderstelling of hipotese van hierdie verkenning is dat filosofies-teoretiese besinning oor die *wat* en die *hoe* van sport dalk die probleme rondom dié aktiwiteit kan help bekamp. Die metode sal wees om die verskynsel se struktuur (wat dit is) en die rigting (wat dit behoort te wees) vanuit 'n Christelike lewensvisie en filosofie te analiseer.

Voordat daarmee begin word, moet eers agtergrond gebied word om die probleem goed te kan analiseer.

## 2. Agtergrondskets van die huidige sporttoneel

Om die probleme rondom sport beter te kan begryp word eers 'n kort historiese oorsig gegee; vervolgens word gewys op die belangrike plek wat sport vandag inneem; en dan word enkele redes gegee waarom sport vandag so 'n buitengewoon belangrike rol in die samelewing speel.

### 2.1 'n Kort geskiedenis

Uit die geskiedenis is heelwat te leer oor hoe werk en rus (insluitende sport) deur die eeue beskou is.

- *Antieke Griekeland* is nie net die bakermat van die Westerse denke nie, maar ook van sport. Wedstrydsport (kompetisie) was in daardie tyd alreeds belangrik. Die antieke Olimpiese Spele – vanaf 776 v.C. aan die oppergod, Zeus, gewy – is die uitstaande voorbeeld. Roem en heldeverering speel ook reeds hier 'n belangrike rol: die wenners is byvoorbeeld met wilde olyfblare gekroon, het materieel gebaat en is in tempels vereer (vgl. Verhoogt, 1998:11). Dié spele word in 393 n.C. deur Keiser Theodosius verbied en vind in 394 die laaste keer plaas. Só word 'n tradisie van meer as 1 000 jaar onderbreek, voordat dit weer met die moderne Olimpiese Spele (vanaf 1896) herstel word.
- Die *Romeine* was eerder soldate en juriste as sportmanne. In dié tyd kom egter alreeds 'n element van ons hedendaagse sport na vore, naamlik die rol van toeskouers. In die Romeinse sirkus was daar veel meer toeskouers as deelnemers – hulle moes deur die paar deelnemers vermaak word.
- Marshall (1991:2-3) toon aan dat sowel by die Grieke as die Romeine diegene wat vrye tyd kon bekostig, nie 'n baie hoë dunk van werk gehad het nie. Dit blyk byvoorbeeld daaruit dat die Grieke 'n woord vir *leisure* gehad het (*skole*), maar nie 'n afsonderlike woord vir *werk* nie. Werk (*ascolia*) was bloot die teenoorgestelde. In Latyn vind 'n mens dieselfde: *otium* (ontspanning), en die teenoorgestelde vir werk is nie-ontspanning (*negotium*). Geestelike bedrywighede is ook van hoër waarde as handewerk beskou.
- In die *vroeë Christelike tradisie* (±300-1500 n.C.) maak denkers soos Augustinus en later Thomas van Aquino (vgl. Marshall,

1991:22 vir verwysings na hulle geskrifte) onderskeid tussen die aktiewe lewe *(vita activa)* en die kontemplatiewe lewe *(vita contemplativa)*. Laasgenoemde is belangriker as die alledaagse lewe, omdat dit op God gerig is.

- By die *16de-eeuse Reformatore* bestaan 'n meer gebalanseerde visie. Volgens Luther (vgl. Marshall, 1991:23) is kontemplasie nie iets beters as (harde) handewerk nie – laasgenoemde kan ook tot eer van God gedoen word. Ook Calvyn beskou alle soorte werk, nie net die *geestelike* nie, as goddelike roepings (vgl. Marshall, 1991:23).
- Die *Renaissance* (1600-1700) gryp terug na die antieke Griekse kultuur, insluitende hulle klem op liggaamlike opvoeding. Balspele word byvoorbeeld populêr in Italië en versprei daarvandaan oor Europa en na Engeland.
- Reeds gedurende die 19de eeu word handbal, krieket, korfbal en gimnastiek in *Europa* beoefen. Tot aan die begin van die 20ste eeu bly sport egter grootliks 'n randverskynsel, slegs vir die elite van die samelewing beskore.
- Na die *Tweede Wêreldoorlog*, dit wil sê vanaf ongeveer die helfte van die vorige eeu, kom daar egter 'n groot opbloei in sport. Sommige mense praat van 'n "ongekende lewenslustigheid" wat hom van die mensdom ná die doodslag van die oorlog meester gemaak het. Die belangrike rol wat sport van toe af in die Weste ingeneem het, het geleidelik ook na die res van die wêreld uitgekring.

Omdat mense se beskouing van sport en werk mekaar wedersyds beïnvloed, moet hier ook nog iets bygevoeg word in verband met die moderne beskouing oor werk. Marshall (1991:5 e.v.) toon aan hoe die hedendaagse mens, anders as die ou Grieke, daartoe geneig is om aan werk 'n saligmakende of verlossende, byna religieuse waarde te heg: "… the society we live in, is focussed on and centered around work. Our hope is a hope in work. Work defines our ultimate concern" (Marshall, 1991:8). Johnston (1994:11) sê dieselfde: "… we have allowed … commitment to work to become our ideology".

Werk het in die Westerse kapitalistiese kultuur ook verkommersialiseerd geraak, sodat feitlik net betaalde werk nog werklik as werk beskou word. Dit lewer egter nie bevrediging nie: "Work has ceased to be a calling, and became a pain, and money is the compensation

for it" (Marshall, 1991:14). Geen wonder nie dat mense vandag lewe vir die sport en ontspanning van die naweek.

> We manufacture distractions and entertainments, we live for Friday and Saturday nights, we count the days to vacations. These activities try to negate work and, hence, are controlled by it. Our most characteristic 'leisure activity' is consumption, an activity that has itself become more hectic and more akin to work (Marshall, 1991:19).

## 2.2 Die situasie vandag: die groot invloed van sport op die samelewing

Reeds 'n kwarteeu gelede noem Opperman (1969:183) sport "die kragtigste sosiale mag in die wêreld" en sê: "In vergelyking met ander kulturele bedrywighede, geniet sport by verre die grootste aanhang, sowel wat deelnemers as belangstellendes betref." Latere skrywers bevestig dié stelling. Visker (1994:164) sê dat sport vandag 'n groter impak op ons lewe het as gedurende enige ander tyd in die geskiedenis. Dit beïnvloed ons tyd, energie en finansies. Vir die groot invloed van byvoorbeeld sokker vergelyk die werke van Roques (2003), Kuper (2006) en Foer (2005).

### 2.2.1 'n Obsessie by baie

Verskeie skrywers word hier aangehaal ter bevestiging van hoe onder andere Amerikaners met sport behep is. Timmer (1999a:137) vestig die aandag daarop dat sportnuus (veral op TV) vandag belangriker beskou word as politieke, ekonomiese en kulturele nuus. Verder geniet sporthelde en -heldinne groter aansien as belangrike leiers op politieke, wetenskaplike en ander gebiede. Volgens hom is sport vandag die grootste gemene deler tussen mense – dit bind hulle saam en daaroor gaan die meeste gesprekke.

MacFarland (1999:155) vat die situasie soos volg saam:

> Everywhere we turn, we experience sport. We schedule our church and family time around the media sporting event of the week. We idolize men and women who display susperior athletic ability. We spend thousands of dollars annually to purchase shoes and clothing which represent us as athletes. We miss church services … We socialize our children into the realm of sport … Sport constitutes much of our conversation, media attention, reading material, leisure activity and discretionary spending … We have eagerly embraced this social phenomenon with little or no discussion or evaluation.

Tereg vra hy wat die verklaring van hierdie verskynsel kan wees. Nog 'n skrywer toon aan wat 'n gevolg van dié groot klem op sport is:

> … sport is not leisure anymore. Sport has become a … new cultural currency, a kind of social cement binding a diverse society together. Instead of … family or religion, increasingly large numbers of Americans are choosing sport as the focus of their lives (Hall, 1994:214).

Dié obsessie gaan met byna fanatieke passie gepaard:

> The passion raised by sports in our community are amongst the sharpest and strongest of all passions. More of us get worked up, more quickly, over sports than over any other aspect of life, including work, religion and politics. This strongly suggests that the attachment we have to sports borders the idolatrous … (Gidman & Turkington, 1999:189).

### 2.2.2 'n Nuwe soort godsdiens?

Ander skrywers gaan nog verder en beweer sport grens nie net aan afgodery nie, dit ís afgodery, die sekulêre religie van die kontemporêre samelewing (vgl. Evink, 1998:18). Van Reken (1999:230, 231) beskryf dié godsdiens in die volgende woorde:

> Fans and players alike are sometimes so devoted to their team that it becomes their religion or object of worship. Then pep rallies are orchestrated rituals of allegiance. In them homage is paid to the heroes, and the faithful are encouraged. Bumper stickers become professions of faith. Tail-gathering lunch in the parking lot before the game with hot dogs and beer is a kind of sacramental rite. Proclaiming the mighty deeds of your team to others is evangelism … In our culture sport celebrities are turned into gods and all-star teams as pantheons.

Tereg voeg hy daaraan toe: "This religious fervor for sports is neither innocent nor benign." Sport is nou nie meer tot die welsyn van die mens nie, maar die omgekeerde: die mens staan in diens van die sportgod.

Hoewel die meeste bogenoemde skrywers die situasie in die VSA beskryf, geld dit ook vir ander wêrelddele. Rugby-, krieket- en sokkermal Suid-Afrika is maar een voorbeeld ter stawing daarvan. Die mag wat sport op die samelewing kan uitoefen blyk byvooorbeeld duidelik uit die verskillende sportboikotte teen Suid-Afrika gedurende die apartheidstyd.

## 2.3 Moontlike redes vir die groot invloed van sport op die hedendaagse samelewing

Sport en die breëre samelewing (wat verbande soos die huwelik, gesin, skool, kerk, staat en bedrywe insluit) kan wel onderskei word, maar nie geskei word nie. Sport beïnvloed nie net die samelewing nie, maar weerspieël terselfdertyd die omgewing – ’n omgewing wat gekenmerk word (vgl. Ryken, 1994:36) deur onder andere onbeperkte kompetisie, die verering van sukses en die allesbeheersende strewe na geld. Hierdie is trekke wat ’n mens dikwels in verskeie sportsoorte terugvind. Vervolgens word dus gelet op faktore in die hedendaagse samelewing wat daartoe bydra dat sport so ’n prominente plek verkry het.

### 2.3.1 Meer vryetyd

Gedurende die sestiger- en sewentigerjare van die vorige eeu is die aandag veral daarop gevestig dat die mens meer vryetyd sou hê as gevolg van onder andere minder werksure (’n vyfdagse werkweek), meer gereelde vakansies, ’n definitiewe aftree-ouderdom en talle tydsbesparende uitvindings. Vandag lyk dit egter of dié redes nie meer geld nie. Heintzman *et al*. (1994:44, 79, 85) beweer byvoorbeeld dat die vryetyd van Amerikaners nie toegeneem het nie, maar met tien uur per week afgeneem het. Vanaf 1990 werk hulle eerder langer en harder. “More Americans are working than ever before and many of them are working more hours, days, and years than a decade ago. Furthermore, the ‘leisure revolution’ has itself [hoe ironies!] become a major generator of jobs” (Heintzman *et al*., 1994:85).

### 2.3.2 Ander faktore

Ander bydraende faktore tot die verabsolutering van sport, is die volgende: die kunsmatige werksomstandighede (bv. die sittende posisie van baie beroepe) en die groot eise wat hedendaagse beroepe aan liggaam en gees stel; die min arbeidsvreugde in roetine-arbeid het ontvlugting buite die werk tot gevolg; die grootskaalse verstedeliking wat mense naweke na buite laat uitvlug; die gejaagde tempo en stres van die moderne kultuur; vinniger verkeer en kommunikasie vergemaklik bywoning van sport-byeenkomste; skole, kolleges en universiteite stimuleer sport van jongs af.

### 2.3.3 Verkommersialisering

Een van die belangrikste faktore blyk egter die groter welvaart en die gepaardgaande verkommersialisering van alle fasette van die lewe – sport ingesluit – te wees. Timmer (1999a:139) merk tereg op:

> Sport at the professional level is a business. The product to be sold is the specific sport and, therefore, every item connected to the business is used to make money, including the players in the arena. In this sense the players become commodities and are therefore in danger of being dehumanized.

Die spelers word blote produseerders en die toeskouers blote verbruikers! (Vir verdere besinning oor beroeps- of geldsport, vgl. Van Zijl & Putter, 1992:129 e.v.)

Teen hierdie agtergrond (die huidige reële situasie) moet nou dieper gevra word na die belangrikste beskouings oor sport.

## 3. Drie uiteenlopende standpunte oor sport

Verskillende skrywers onderskei die volgende drie hoofstandpunte/houdings: Die *werkoliste* verwag te min van sport – dit is veral vir Christene iets onwaardigs, omdat hulle alle klem op werk lê. Die *hedoniste* verwag weer te veel van sport, omdat dit vir hulle 'n godsdiens word. Hoffman (1994:139) noem sport "… the newest and fastest growing religion in America, far outdistancing whatever is in the second place". Die *utilitariste* neem 'n posisie tussen die twee uiterstes in. Hulle verag of vereer nie sport nie, maar sien dit as 'n middel om nuttiger, hoër doelstellings te verwesentlik. Dit is belangrik om te begryp wat presies elkeen van hierdie drie visies inhou.

### 3.1 Werkolisme

Sport en ontspanning is deur baie Christene (vgl. 2.1) in die verlede van te min belang geag. Tien jaar gelede skryf Ryken (1994:48): "Leisure is the subject of neglect in the contemporary church. When did you hear a sermon on the subject …?" Tereg merk hy op dat so 'n houding verkeerd is. Nie net werk nie, maar ook ontspanning en sport is 'n inherente deel van ons goddelike kultuuropdrag en rentmeesterskap.

Heintzman (1994:27) bevestig hierdie indruk wanneer hy skryf dat Christene in die VSA meestal 'n goed ontwikkelde teologie oor werk het, maar nie oor rus, ontspanning en sport nie. Die gevolg van

hierdie standpunt is dat baie boeke oor werksetiek geskryf word, maar heel weining, indien enigiets, oor ontspannings-/sportetiek.

## 3.2 Hedonisme

Dahl (1994:87) vestig die aandag op die belangrike verskuiwing wat daar (ten minste reeds in die VSA) plaasgevind het. Werk word deur baie mense as vervelig en sinloos beskou en dit het dus sy tradisionele waarde begin verloor. Dit word nie meer soos vroeër beskou as ’n belangrike middel tot selfverwesentliking en ’n eie identiteit nie. Dié waardes word nou in iets veel aangenamer gesoek, naamlik ontspanning en sport. Sport word nie langer as ’n middel tot herstel (rekreasie) na werk beskou nie, maar as ’n doel op sigself – iets waarin die mens homself kan uitdruk, ontwikkel en waarin hy waardevol kan voel en werklike voldoening kan vind.

Timmer (1999a:142, 146) sluit hierby aan, maar noem dit nie hedonisme nie, maar gebruik die term *narsisme.* Daarmee bedoel hy dat die individuele self die sentrale fokuspunt in sport word. ’n Mens sien dit veral by talentvolle sportlui dat hulle al meer selfgerig word en veel meer aandag as gewone mense moet ontvang. Hulle lewe in die droomwêreld van die *celebrities*. Hulle loop oor van hulself, oorskat hulself en verdien ook in verhouding tot ander belangriker beroepe hopeloos te veel (vgl. Hawthorne & Hawthorne, 1995).

Hierdie selfgerigtheid en selfbevrediging gaan (vgl. Byl & Visker, 1999:62) gepaard met ’n verafgoding van die menslike liggaam – veral die jeugdige liggaam. Die hedendaagse mens streef na ewige jeugdigheid.

Teenoor die werksetiek van die werkoliste staan die waarde-etiek (*worth-ethic*) van die hedoniste (vgl. Dahl, 1994:85 e.v.). Iemand wat in Suid-Afrika die televisie-advertensies dophou, sal weet wat hiermee bedoel word. ’n Mens moet lekker ruik, mooi en jonk lyk en baie ander dinge kan bekostig, “because you are worth it”.

Die ironie van die hedonistiese visie is dat iets soos sport, wat ontspannend behoort te wees, nou ’n nuwe inspanning word. As gevolg van die verkommersialisering van sport, kom dié inspanning veral neer op ’n steeds groter produksie (deur die sportlui) en konsumpsie (deur die toeskouers).

## 3.3 Utilitarisme

Hierdie visie kom neer op ’n tussenposisie tussen te min en te veel van sport verwag; tussen veragting en verafgoding daarvan. Dit is egter ook nie ’n korrekte houding nie, omdat die inherente waarde van sport daarvolgens nie erken word nie – sport is nie alleen aanvaarbaar omdat dit nuttig kan wees vir iets anders nie. Eksterne doelstellings is byvoorbeeld dat sport liggaamlike gesondheid, psigiese welsyn of belangrike deugde sou bevorder. Onder die deugde of karaktertrekke wat gewoonlik genoem word (vgl. byvoorbeeld Opperman, 1969:387), is gesonde lewensgewoontes, samewerking, kameraadskap, goeie sosiale omgang, betroubaarheid, eerlikheid, wedersydse respek, selfbeheersing, ’n sportmansgees, moed, deursettingsvermoë, gehoorsaamheid aan reëls, mededingendheid, leer om te kan verloor en nog ander “waardes” wat karakter kan bou.

Verskillende sportwetenskaplikes (bv. Miller & Jarma, 1988; Pooley, 1984; Priest *et al*., 1999 en Walton, 1992) koester groot verwagtings oor die fisieke, psigiese, morele en ander waardes van sport. Hierdie hoë ideale oor die waarde van sport het egter intussen geblyk blote lugspieëlings te wees.

Eerstens moet gesê word dat sport nie bloot iets goeds is omdat dit ’n mens in staat sou stel om beter te kan werk nie. Rus, ontspanning en sport het ’n eie waarde en betekenis. Om dit te geniet, is ook nie verkeerd nie. Indien sport alleen in diens van “hoër” doelwitte gebruik sou word, tas dit die eie waarde van sport aan (vgl. Evink, 1998:17).

In die tweede plek het empiriese navorsing bewys dat sport nie noodwendig tot fisieke en psigiese gesondheid of karakterbou bydra nie. Hoffman (1994:144) wys eerder op die teenoorgestelde. As gevolg van die wenmanie en die toenemende geweld in sport, kom al meer ernstige beserings voor (vgl. ook Scholtz, 1992:161 e.v.). Verder moedig die hedendaagse sport eerder sterk passies aan as wat dit ’n kalmerende uitwerking het. Ook die sogenaamde morele waarde van sport, dat dit sekere deugde sou bevorder, word vandag bevraagteken. Navorsing toon dat die invloed van sport om goeie waardes tuis te bring, “dismal, even alarming” is (p. 144). Hoffman (1994:144) haal selfs iemand instemmend aan wat sê: “Sport: if you want to build character, try something else.” Ook Timmer (1999b:265) bevestig dat daar ongelukkig nie empiriese bewyse bestaan vir die vroeëre idee dat sport ’n mens se karakter verbeter

nie. Die teendeel is eerder vandag die geval (Timmer, 1996:275, 277).

Ten slotte moet vermeld word dat sport utilitaristies as middel vir baie ander doeleindes ook gebruik kan word, soos om studente te werf, om geld te maak en selfs om die evangelie te verkondig. Wat laasgenoemde doelstelling betref, wys Van der Walt (1992:13 e.v.) egter daarop dat die groot uitdaging vir Christene nie is om God slegs *voor* of *na* ’n wedstryd te dien nie, maar *in* die wyse waarop hulle sport beoefen. In dieselfde bundel gee Van Tonder (1992:275 e.v.) ’n gebalanseerde standpunt oor hierdie populêre tendens onder veral jong Christensportlui om sport vir evangelisasie te gebruik.

Indien die gevolgtrekking is dat nie een van hierdie drie visies op sport aanvaarbaar is nie, wat is dan die korrekte? Voordat daaraan aandag gegee word, moet nog iets meer gesê word oor hedendaagse sporteuwels en die min (Christelike) besinning daaroor.

## 4. ’n Krisis in sportetiek – sonder veel besinning

Omdat dit oordrewe mag klink, word verskillende skrywers se evaluerings hier in hulle eie woorde weergegee.

### 4.1 Baie euwels

Wat sport in die VSA betref, noem Zuidema (1994:188) die volgende euwels: “… the stress on winning-at-all-costs, the increasing insidence of violence, a stress on combativeness, the promotion of games as only entertainment for fans, and an over-emphasis on personal glory”. In Heintzman *et al*. (1994:201) word ook nog die volgende strukturele euwels genoem: “racism, sexism, cheating, irresponsibility, the abuse of drugs and steroids …”.

In Heintzman (1994:214) word selfs gesê: “Serious sport … has nothing to do with fair play. It is bound up with hatred, jealousy, boastfulness, disregard for rules, and sadistic pleasure in violence; in other words, it is war without the shooting.” Nog meer skrywers beweer dat sport vandag nie die goeie, maar eerder die slegste in mense na vore bring (Heintzman *et al*., 1994:317).

As daar een euwel is waarop feitlik al die skrywers die aandag vestig, is dit obsessie om ten alle koste te wen. Hall (1994:215) skryf: “Winning seems to be the great American obsession, and our win-at-all-costs philosophy has distorted our sense of values.” In die

bundel onder redaksie van Byl en Visker (1999:180) word hieroor die volgende gesê:

> Our society applauds the biggest, the best and the first … For many athletes, selfworth is derived from the number of victories obtained. If you do not win, you are worse than a non-winner, you are a loser … An over-emphasis on winning demeans the best characteristic of play, that is enjoyment.

In Suid-Afrika is die situasie nie anders nie. Al bogenoemde sporteuwels kom ook by ons voor. As die Springbokke, Proteas of Bafana-Bafana 'n internasionale wedstryd wen, is hulle helde; as hulle verloor, word dit as 'n nasionale ramp beskou en word hulle uitgejou.

Reeds meer as tien jaar gelede noem Putter (1992:44) die volgende sporteuwels: omkopery, oneerlike skeidsregterskap, die gebruik van stimulante, die oortreding van reëls, die aanbidding van die telbordtelling, die vernedering van die teenstander, selfverheffing en verwaandheid. En reeds in 1977 vind Scholtz dit noodsaaklik om oor 'n oordrewe kompetisiegees wat tot aggressie lei, te skrywe. Aggressie is nie net beperk tot deelnemers nie, maar kom ook voor tussen deelnemers en skeidsregters en onder die toeskouers (vgl. Scholz & Willemse, 1991).

## 4.2 Weinig Christelik-teoretiese besinning

Te midde van al sulke wanpraktyke vind weinig teoretiese – veral Christelik-wetenskaplike – besinning plaas. Werke soos dié onder redaksie van Groenman (1976), Van der Walt (1992), Heintzman, Van Andel & Visker (1994), Visker & Hoffman (1997), Byl & Visker (1999) en Roques (2003) is waardevolle uitsonderings op die reël. Hierdie werke is al 'n paar jaar oud en slegs in 'n beperkte kring bekend.

Visker (1994:138) slaan die spyker op die kop, ook vir die situasie in Suid-Afrika, wanneer hy soos volg oor sport skryf:

> It is ironic that the aspect of leisure … which has experienced the greatest participation rates, has been neglected the most by Christian scholars. With few exceptions, play, sport and athletics have not been scrutinized as to their appropriateness for Christian involvement. Consequently we run the risk of adopting secular standards for our participation in this area.

Wat hy hierop laat volg, is presies wat die huidige artikel beoog: "Clearly, what is needed is a philosophical basis for participation in

play, sport and athletics which is firmly based in the Holy Scriptures" (Visker, 1994:138).

### 4.3 Sportetiek nie voldoende nie

Gewoonlik word die oplossing vir al die sporteuwels in 'n sportetiek gesoek. 'n Soektog op die internet lewer binne enkele minute 'n magdom resente gegewens oor "sport(s) ethics" of "ethics in sport" op. Dit is vandag 'n algemene tendens om, wanneer dit op 'n bepaalde terrein nie goed gaan nie, in 'n etiek vir die betrokke gebied die toevlug te soek. Die skrywer vermy doelbewus dié "oplossing", omdat dit in baie gevalle bloot op 'n oppervlakkige "morele sousie" neerkom sonder dat sport inherent verander (Van der Walt, 2000b:305 e.v.)

Omdat ek verkies om dieper te delf, word eers gevra na moontlike Bybelse perspektiewe op sport; daarna volg iets oor die rol van 'n Christelike lewensvisie en ten slotte word die waarde van 'n Christelik-filosofiese analise van sport duidelik gemaak.

## 5. Breë Bybelse en Christelik-lewensbeskoulike perspektiewe

Eerstens word enkele Bybelse riglyne genoem. Daarna word gewys op die implikasies van verskillende Christelike lewensvisies vir sport. Vervolgens word aan 'n Christelike mensbeskouing, as grondslag vir 'n sportbeskouing, aandag gegee.

### 5.1 Bybelse perspektiewe

'n Onderskeid kan getref word tussen spesifieke tekste en breër Bybelse perspektiewe.

#### 5.1.1 Bybeltekste

In hulle soeke na leiding oor hoe om in sport betrokke te wees, soek Christensportlui dikwels na spesifieke Bybeltekste. Dan word byvoorbeeld Prediker 9:10-11 aangehaal ('n opdrag om die lewe te geniet); of daar word verwys na verskillende plekke in die Nuwe Testament waarin die geloofslewe met verskillende sportsoorte vergelyk word, byvoorbeeld 1 Korintiërs 9:24-27 ('n atleet en 'n bokser), 2 Timoteus 4:7 ('n wedloop) en Hebreërs 12:1-2 (die metafoor van 'n atleet of 'n resies). Ongelukkig kan uit sulke tekste nie veel afgelei word nie, omdat hulle beelde uit die sportwêreld gebruik en nie riglyne vir sport self bied nie.

Omdat sport veral 'n liggaamlike aktiwiteit is, is Skrifgedeeltes wat aandui hoe 'n mens met jou liggaam moet omgaan van meer waarde. Voorbeelde hiervan is 1 Korintiërs 3:16 (die mens is 'n tempel van God wat nie skade aangedoen mag word nie); 1 Korintiërs 6:13 (ons liggame behoort aan die Here); 1 Korintiërs 6:19, 20 (ons liggame is tempels van die Heilige Gees en ons moet God in ons liggame verheerlik); Efesiërs 5:29 ('n mens haat nie sy eie liggaam nie). Ook sulke tekste bied egter nie spesifiek leiding oor sport nie, sodat na meer relevante Bybelse perspektiewe gesoek moet word.

### 5.1.2 Breër Bybelse perspektiewe

Slegs drie meer omvattende perspektiewe word hier genoem, sonder om dit breër uit te werk: sabbat, rus en die kultuurmandaat.

- **Sabbat**

As sportkenner bespreek Heintzman (1994:17-26) die verskillende Bybelse sabatte (op die sewende dag, sewende jaar en vyftigste jaar) in detail. Volgens hom dui die Bybelse sabbatsidee op sowel 'n bepaalde lewensritme (rus-werk-rus) as op 'n besondere ingesteldheid. Van die lewensritme sê hy: "… the Sabbath as a day of abstaining from work, is not entirely for the purpose of restoring one's strength and enhancing the efficiency of one's future work. Rather than an interlude between periods of work, it is the climax of living … a taste of eternity – the world to come" (Heintzman, 1994:26). Oor ingesteldheid sê hy: "… it inculcates a spiritual attitude of rest, joy, freedom and the celebration in God and the gift of creation" (Heintzman, 1994:32).

- **Rus**

Heintzman bespreek (1994:26-32) na aanleiding van verskillende Skrifgedeeltes ook die Bybelse begrip *rus* en sê dit dui op "a pleasant, secure, and blessed life in the land … peace and contentment of body, soul and mind in God" (Heintzman, 1994:32).

Uit die sabbatswetgewing en die Bybelse klem op die noodsaaklikheid van rus (vgl. Christus se uitnodiging in Matt. 11:28-30) word dus die konklusie getrek dat ontspanning, spel en sport noodsaaklik en vir die Christen belangrik is.

- **Kultuuropdrag**

Dikwels word die kultuurmandaat (Gen. 1:28 en 2:15) só verstaan dat die mens daarin alleen die goddelike opdrag kry om te werk. In

die lig van wat die res van die Skrif openbaar, is rus en ontspanning egter 'n deel van die mens se kultuuropdrag (vgl. byvoorbeeld Cooper, 1999:17). Tereg sê Marshall (1991:18): "one part of our calling is the calling to rest". Wat hy hierop laat volg, is so belangrik dat dit volledig weergegee word:

> Thus rest is more than recuperation from and preparation for work. It is a God-given human response in its own right. … it is not the inevitable result of spare time, a holiday, a week-end or a vacation … rest and work may involve similar activities, but activities done in a different spirit … Resting is tied to faith – which is one reason why most of us avoid rest. … The Scriptures frequently relate lack of rest to unbelief (Ps. 95:8-11; Heb. 3:7; 4:10) (Marshall, 1991:19).

Marshall verduidelik verder:

> When we rest we acknowledge that all our striving will, of itself, do nothing. It means letting the world pass us by for a time. Genuine rest requires acknowledgement that God, and our brothers and sisters, can survive without us. It requires a recognition of our own insufficiency … It is a real surrender to the ways of God. It is a moment of celebration when we acknowledge that blessing comes only from the hand of God. This is why rest requires faith … When we rest we accept God's grace: we do not seek to earn, we receive; we do not justify, we are justified (Marshall, 1991:19).

## 5.2 Verskillende Christelike lewensvisies

Behalwe deur Bybeltekste en breër Bybelse perspektiewe kan Christensportlui hulle ook deur 'n Christelike lewensvisie laat lei. Dit is die manier waarop 'n mens as gelowige die werklikheid beskou, interpreteer en daarvolgens keuses maak.

Hoewel alle Christelike lewensvisies hulle op die Skrif beroep, sien hulle nie die Christen se plek en taak in die werklikheid dieselfde nie. Byl (1999:311 e.v.) toon byvoorbeeld aan hoe Calviniste en Mennoniete in die VSA uiteenlopende standpunte ten opsigte van die Christen en sport huldig.

Van der Walt (2000a:133 e.v.) onderskei (na aanleiding van verskillende sienings oor die verhouding tussen skepping en verlossing) verskillende Christelike lewensvisies en toon ook aan wat hulle implikasies vir die Christen se houding teenoor byvoorbeeld die politiek, tegnologie, wetenskapsbeoefening,

ensovoorts is. Indien dié indeling op sport toegepas word (vgl. ook Van der Walt, 1992:13 e.v.), bestaan die volgende moontlikhede:

- Waar verlossing teenoor die skepping gestel word, beteken dit dat die Christen *teenoor* sport staan. Omdat dit iets minderwaardigs is, wat nie by ’n Christen pas nie, moet hy hom daarvan weerhou.
- Wanneer verlossing *langs* die skepping gestel word, is die implikasie dat om Christen te wees en ’n sport te beoefen, twee afsonderlike sake is, wat wel elkeen ’n reg van bestaan het, maar geen verband met mekaar het nie. ’n Mens kan ’n Christen *en* ’n sportman/-vrou wees, maar nie ’n Christensportman/-vrou nie. Sport is iets neutraals – met jou Christelike geloof het dit niks te make nie.
- Indien die Christen *bo* sport verhewe is, kan wel *voor* of *na* ’n wedstryd gebid word (godsdiens as ’n bietjie “versiersuiker”), maar sport *self* kan nie werklik Christelik beoefen word nie. Sport het wel bestaansreg as dit vir ’n hoëre doel – soos evangelisasie – aangewend word.
- Die vierde (Reformatoriese) lewensvisie leer dat verlossing *vir* die skepping bedoel is – om dit te vernuwe, te herskep en te transformeer. Die ideaal vir Christensportlui is dus nie om Christen *of* sportman (die eerste visie hierbo) te wees nie. Ook nie om Christen *en* sportvrou te wees nie (die tweede en derde lewensvisies). Hierdie is die integrale standpunt van Christensportman/-vrou – iemand wat God nie *naas* nie, maar *in* sy sportaktiwiteite wil dien.

## 5.3 ’n Christelike mensbeskouing

Elke lewensvisie bestaan uit ten minste die volgende ses komponente: ’n Godsidee, wetsidee, ’n mensbeskouing, ’n samelewingsbeskouing, ’n idee van tyd en geskiedenis en ’n visie op die natuur. Hoewel almal ’n invloed het op ’n mens se sportbeskouing, is die mensbeskouing seker die belangrikste. Hoewel sport nie net iets liggaamliks is nie, maar die hele mens daarin betrek word (vgl. Spykman, 1994:59), staan die liggaamlike tog sterk voorop.

Cooper (1999:7 e.v.) en Williams (1999:21 e.v.) gaan na wat die Bybel oor die liggaamlike openbaar. In teenstelling met die geloof van baie Christene dat dit in die Skrif primêr om die siel of die geestelike sou gaan, toon hulle aan dat die Woord van die Here

groot klem lê op die mens se fisieke behoeftes, soos kos, klere, gesondheid, ’n woonplek, ensovoorts. Dat die liggaamlike faset van menswees vir God belangrik is, blyk ook daaruit dat die Skrif die liggaamlike opstanding uit die dood leer, asook die inkarnasie van Christus self. Met talle voorbeelde word aangetoon (vgl. Williams, 1999:21-29) hoeveel klem die Evangelie van Lukas juis op liggaamlike dinge lê.

Dat die liggaamlike nie verag mag word nie (die verlede), beteken egter nie dat dit vereer mag word nie (vandag). Bogenoemde skrywers lê daarop klem dat ons in die talle hedendaagse *wellness*-programme ’n “deified body” teëkom. Die belangrikste van alles is dat ’n mens liggaamlik goed oor jouself moet voel en liggaamlike selfvervulling moet ervaar.

Ek gebruik doelbewus die woord “liggaamlik” en nie “liggaam” nie om die eeu oue misverstand te help vermy dat die liggaam ’n afsonderlike substansie naas die siel of gees sou wees. Van der Walt (2000a:336) verduidelik dat Bybelse begrippe soos *siel*, *gees*, *liggaam*, *vlees*, *hart* en ander, almal verskillende *hoeke* of *perspektiewe* is van waaruit die Bybel oor die hele mens praat. Dié konsepte dui dus nie op afsonderlike *(onder)dele* van menswees nie. Soos so pas hierbo geblyk het, kan daar ook nie sprake van wees dat die “siel” of “gees” hoër of belangriker is teenoor die “liggaam” as die laere, minder belangrike nie.

Die implikasie hiervan is dat ’n sterk liggaamlike aktiwiteit soos sport nie van minder waarde is as byvoorbeeld ’n intellektuele, artistieke of selfs geloofsaktiwiteit nie. Al hierdie aktiwiteite is deel van ’n mens se omvattende religieuse lewe en kan dus tot eer of oneer van God beoefen word.

Wat tot sover gesê is, was belangrike voorwerk om sport in ’n breër perspektief te plaas. Daar moet nou besin word oor wat sport is en behoort te wees.

## 6. Die eie-aard van sport, afgelei uit ’n vergelyking daarvan met ontspanning en spel

Die woord *sport,* wat in 1303 vir die eerste keer in die literatuur voorkom, is heel waarskynlik afgelei van die Middeleeuse woord *disportem*, wat beteken om die aandag af te trek of om te vermaak. Die meeste geraadpleegde bronne probeer om die eie-aard van sport te bepaal deur dit met drie verwante aktiwiteite, naamlik ontspanning (*leisure*), spel (*play*) en wedstryd of kompetisie (*game*)

te vergelyk. Uit die verskil en verband tussen die vier begrippe word probeer om nader te spesifiseer wat die besondere kenmerke van sport is. Omdat ontspanning ook inspanning kan inhou, word dikwels nog 'n verdere onderskeid tussen *leisure* en *recreation* gemaak. *Leisure* sou meer op die tydselement dui, terwyl *recreation* aandui hoe die vrye tyd deurgebring word.

## 6.1 Drie voorbeelde

Byl (1994:157) gebruik 'n skematiese voorstelling om tussen spel, kompetisie (*game)* en sport te onderskei. *Spel* beteken vir hom iets wat vryelik gekies en geniet word. *Kompetisie* is 'n vrywillige poging om nie-noodsaaklike hindernisse te oorkom. *Sport* is 'n "verlenging" van spel en kompetisie, waarin met nog groter toewyding op suksesvolle wyse, nie-noodsaaklike hindernisse oorwin moet word.

Ook Timmer (1999a:138) sê "… sport is fundamentally an extension of play". Hy kritiseer gevolglik hedendaagse sport wat die spelelement ignoreer, omdat dit van sport 'n werk gemaak het. Hy sal dus ook probleme hê om beroepsport as sport te aanvaar. Behalwe die element van spel, noem Timmer (1999a:138) nog die volgende ander drie kenmerke wat sport tipeer, naamlik dat dit kompetisie is – daar is verloorders en wenners; dit word deur reëls gereguleer; en dit vereis fisieke vaardigheid. Die vraag is of kompetisie en reëls wel tipies van sport alleen is. Geld dit nie ook vir 'n spel soos *monopoly* nie?

Visker (1994:170-174) volg dieselfde skema, maar onderskei veel duideliker tussen die drie. Sy samevatting lui só:

> In summary, the structure of *play* was described by eight characteristics: (1) freely chosen; (2) has its own place in time; (3) is seriously engaged in; (4) is tran-serious; (5) autotelic; (6) has outcomes such as pleasure, joy, fulfilment, and renewal; (7) creates order; and (8) is fun. *Game* has all the characteristics of play in addition to more restrictive rules, established goals, obstacles to achieving goals, and possibly competition. The structure of *sport* entails all the characteristics of play and game with some modifications: more restrictive rules, more difficulty in achieving goals, the development of physical skills and use of physical exertion, and the necessity of competition.

Heel waarskynlik moet in dié verband tussen verskillende vlakke of grade van sport onderskei word. Coetzee (2000:162-163) onderskei byvoorbeeld tussen topsport, prestasie- of beroepsport (waarin die prestasie- en wenmotief voorop staan) en gewone sport (wat in 'n

mindere mate op prestasie en oorwinning gerig is, omdat die klem meer op ontspanning en sosiale verkeer val).

### 6.2 Waarom die onderskeiding onbevredigend is

Hoewel dit belangrik is om tussen ontspanning, spel, kompetisie en sport te onderskei, is die vraag of so ’n vergelyking wel daarin slaag om die tipiese van sport (wat dit presies is) na vore te bring. Uit die voorafgaande blyk reeds hoe vloeibaar die grense is. ’n Mens sou byvoorbeeld ligweg kon sê dat sport meer is as spel, maar tog minder is as oorlog!

Verder word ook die indruk geskep dat, op die skaal van ontspanning-spel-kompetisie-sport, sport die hoogste ontwikkelde aktiwiteit is. Is dit werklik so? Is ’n skaakspel nie ook iets ingewikkelds nie? Moontlik is die verskil tussen die vier aktiwiteite nie bloot net ’n *graad*verskil nie maar meer *wesenlik* – dalk is elkeen ’n *eiesoortige* aktiwiteit.

Bowendien moet die vraag gestel word of enige sport wat aan bogenoemde karaktertrekke voldoen ook *goeie* sport is. Hierbo is reeds aangetoon dat die kompetisie-element byvoorbeeld in ’n obsessie van wen ten alle koste kan ontaard. In die lig van talle ander sporteuwels, kan die normatiewe vraag van *hoe* sport beoefen behoort te word nie verontagsaam word nie.

Hierdie soort analise van wat sport is, beantwoord dus nie bevredigend die twee basiese vrae wat aan die begin gestel is nie, naamlik *wat* is sport presies en *hoe* dit beoefen moet word. Daar sal filosofies dieper gedelf moet word.

## 7. ’n Analise van die struktuur en rigting van sport volgens die Reformatoriese filosofie

Volgens die Christelik-Reformatoriese filosofie (soos deur D.H.Th. Vollenhoven, H. Dooyeweerd en H.G. Stoker ontwikkel en deur hulle navolgers verder uitgebou) moet duidelik, sonder skeiding, tussen die *struktuur* en *rigting* van dinge onderskei word. *Struktuur* dui op die vorm of die aard van iets, terwyl *rigting* op die goed-kwaad bepaaldheid van alles dui. By die skepping was alles goed, in gehoorsaamheid op God gerig. By die sondeval het die kwaad bygekom. As gevolg van Christus se verlossingswerk kan die afvallige rigting egter weer in ’n goeie verander – gehoorsaamheid aan God se wil vir die lewe. Wat die implikasies van hierdie onderskeiding vir sport is, moet ondersoek word.

## 7.1 Die struktuur van sport

Sport is veel meer as 'n houding, ingesteldheid of aktiwiteit. Sport speel 'n groot rol in ons samelewing naas die politieke, kerklike en ekonomiese lewe. Daarom praat Spykman (1994:56) en Timmer (1999a:146) daarvan as 'n samelewingsverband ("social institution/ relationship").

### 7.1.1 Verskillende samelewingsverbande

Volgens die Reformatoriese filosofie moet duidelik tussen die verskillende samelewingsverbande onderskei word: 'n huwelik is nie dieselfde as 'n gesin nie; 'n kerk is nie 'n sosiale vereniging nie; sport is nie 'n ekonomiese bedryf nie. (Vir 'n elementêre inleiding in die Reformatoriese samelewingsfilosofie, vgl. Van der Walt, 2000a:387-416 en MacCarthy *et al*., 1982. Meer gevorderde werke is dié van Dooyeweerd, 1975; 1986 asook Skillen & MacCarthy, 1991.)

Om die verskil tussen die verskillende samelewingsverbande duidelik te maak, word gebruik gemaak van die modaliteitsleer. Modaliteite is verskillende fasette of aspekte van die werklikheid. (Die dit-dat-bepaaldheid dui op verskillende strukture. Die goed-kwaad-bepaaldheid op die twee religieuse rigtings. Die sus-so-bepaaldheid onderskei die verskillende dimensies of fasette van die werklikheid.) Die volgende aspekte kan onderskei word, naamlik die aritmetiese, fisiese, biotiese, psigiese, logiese, linguale, sosiale, historiese, ekonomiese, estetiese, juridiese, etiese en pistiese (geloof) aspekte.

### 7.1.2 Fundering en bestemming

Alle samelewingsverbande vertoon hierdie fasette. Twee van hierdie modaliteite speel egter 'n belangriker rol, omdat hulle die spesifieke samelewingsverband tipeer en dus só van ander verbande onderskei. Dié twee aspekte is die funderende en die leidende, kwalifiserende of bestemmingsfunksie.

'n Huwelik is byvoorbeeld bioties (in die seksuele) gefundeer, maar word deur die etiese (wedersydse trou) gelei of gekarakteriseer; die seksuele is nodig, maar nie die belangrikste nie. Die kerk is in die sosiale gegrond, maar sou in 'n sosiale klub ontaard as dit nie deur geloof in God gelei word nie. Om werklik 'n staat te kan wees, moet dié samelewingsverband deur geregtigheid (die kern van die juridiese) gelei word.

### 7.1.3 Toegepas op sport

Omdat ’n onderskeidende kenmerk van sport is dat dit liggaamlike fiksheid en vaardigheid vereis, kan die fisies-biotiese as die funderingsaspek daarvan beskou word. (Dit verskil byvoorbeeld van ’n logiese of taalspel.)

Dit is moeiliker om die leidende of kwalifiserende element van sport te bepaal. Hierbo het reeds geblyk dat sport, net soos werk, ’n deel van die mens se kultuuropdrag is. Dié historiese vormingsvermoë geld egter alle menslike aktiwiteite. Van al die hoër modaliteite lyk die sosiale die mees geskikte om sport verder te tipeer. Ook al word sport (veral beroepsport) vandag dikwels tot ’n bedryf verkommersialiseer, beteken dit nog nie dat dit van nature of kragtens sy aard iets ekonomies is nie.

Sport het ook ’n psigiese (emosies), ’n linguale (sportterme), ekonomiese (koste-implikasies), ’n juridiese (sportreëls), etiese (bv. integriteit) en ’n gelowige (sportmense se verhouding tot God) kant. Nie een van hierdie fasette mag in sport geïgnoreer word nie. Hulle tipeer egter nie dié aktiwiteit en samelewingsverband nie.

### 7.1.4 Praktiese implikasies

Dat hierdie teoretiese besinning oor die struktuur van sport nie sonder praktiese nut is nie, het reeds geblyk toe na die verkommersialisering van sport verwys is. As sport sosiaal gekwalifiseerd is, impliseer die hedendaagse sport (veral beroepsport) ’n ernstige distorsie van wat sport eintlik is.

Die klem op wen ten alle koste is nog ’n voorbeeld. Sosiale omgang en die vreugde wat daaruit geput word, behoort veel belangriker te wees as om te wen. Byl (1994:159) wys tereg daarop dat die woord *kompetisie* afgelei is van die Latyn *cum* (saam) en *petere* (streef). Dit beteken dus om *saam* met – nie in die eerste plek *teen* nie – iemand anders te streef. In ooreenstemming hiermee beveel Zylstra (1999:123) die volgende nuwe definisie van *kompetisie* aan: “Each of us doing our best in order to prod the ones with whom we compete to do their best while they do the same for us.”

Die kompetisiegees en veral die wenmanie is natuurlik ’n produk van moderne Westerse individualisme. By die tradisionele, nie-Westerse mense vind ’n mens dikwels nog iets van die sosiale, gemeenskapskarakter van ontspanning en “sport”. Tydens ’n eerste resies vir Boesmans wat in Namibië gereël is, het die skrywer dit meegemaak. Al die deelnemers het ongeveer gelyk die wenstreep

bereik. Toe die een wat duidelik die vinnigste was en kón gewen het, gevra is waarom hy nie eerste was nie, was sy antwoord dat hy gedink het hy moet vir die ander wag, sodat hulle sáám die eindpunt kan bereik en almal gelukkig is!

Uit die besinning oor *wat* sport behoort te wees, volg dus alreeds belangrike implikasies vir die reformasie daarvan. Dié noodsaak sal nog duideliker blyk wanneer vervolgens die rigting (die *hoe*) van sport ondersoek word.

## 7.2 Die rigting van sport

Nie die mens se begeertes en dryfvere nie, maar God se wil dui die rigting van die hele lewe en dus ook van sport aan. In verskillende wette en opdragte in die Skrif kom sy wil duidelik na vore, soos byvoorbeeld in die tien gebooie (Eks. 20:1-17), die bergrede (Matt. 5-7), die vrugte van die Gees (Gal. 5:22) asook in belangrike deugde wat aanbeveel word (bv. Filip. 4:8).

### 7.2.1 Die tien gebooie as rigtingwysers

Volgens Visker (1994:175-179) kan heelwat uit die bekende tien gebooie ook vir sport afgelei word. Myns insiens is sy toepassing op sport in die geval van sekere gebooie (bv. die vierde en sewende) geforseerd en dus problematies. Nogtans is wat hy sê waardevol.

Die eerste en tweede gebooie waarsku byvoorbeeld dat sport nie – soos vandag – vergoddelik en dus in die plek van God gestel mag word nie. Die derde gebod verbied nie net die ydele gebruik van sy Naam (in bv. krag- of vloekwoorde), maar ook ligtelike gebede – selfs om te mag wen – voor wedstryde. Die vierde gebod lê klem op die balans tussen werk en rus. Van sport mag dus nie, soos in ons tyd, ’n werk gemaak word nie.

Uit die vyfde tot tiende gebod kan heelwat afgelei word oor hoe sportlui teenoor hulle “teenstanders” moet optree. Die vyfde handel oor die erkenning van gesag en reëls. In die sesde word nie net moord nie, maar implisiet ook alles wat daartoe mag lei, verbied: haat, woede, wraak, geweld en wen ten alle koste word dus verbied. Die sewende gebod geld nie net vir die huwelik (seksuele lewe) nie, maar verbied alles wat vuil (oneties) is. Die agtste verbied onder andere dat die oorwinning op ’n oneerlike wyse “gesteel” word. Die negende lê daarop klem dat die waarheid nie verdraai mag word nie (bv. deur met die telling te peuter). Ten slotte waarsku die tiende gebod ook teen jaloesie en naywer. ’n Christen moet ’n nederige

wenner en ’n goeie verloorder kan wees – anders word die vreugde en vervulling wat sport mag bide, belemmer.

### 7.2.2 Struktuurwette, liefdeswette en positiewe wette

Die idee van God se wette, as rigtingwysers vir die lewe, sou filosofies nog verder uitgewerk kon word. Vollenhoven onderskei byvoorbeeld (vgl. Tol & Bril, 1992) tussen God se drieërlei soewereiniteit wat Hy deur middel van drieërlei soorte wette laat geld.

- In die skepping openbaar God (deur middel van die wetmatige funksionering van die verskillende geskape dinge) sy *struktuurwette.*
- In sy Woord stel Hy die rigtinggewende *wet van die liefde* (bv. Lev. 19:18; Matt. 22:37-40; Rom. 13:8-10).
- Die mens (veral gesagsdraers in die verskillende samelewingsverbande) moet, met in agneming van die struktuurwette en die liefdeswet, *positiewe wette* (norme) vir die verskillende menslike aktiwiteite en samelewingsverbande formuleer. (Die positiewe wette of menslike norme is dus die “brug” tussen struktuur- en liefdeswet.) Om dit reg te kan doen, is die leiding van die Heilige Gees onontbeerlik.

Eenvoudig gestel, beteken dit dat God se fundamentele liefdesgebod in die verskillende samelewingsverbande op ’n eie, unieke wyse gestalte moet kry en uitgeleef moet word. In die huwelik (’n etiese instelling) kry die liefde gestalte in die vorm van wedersydse trou. In die staat (’n juridiese verband) neem dit die gestalte van geregtigheid aan. Dieselfde behoort ook in die geval van sport (sosiaal gekwalifiseerd) te gebeur. Indien naasteliefde ook op hierdie lewensterrein gestalte kan kry, sal die meeste sporteuwels wat hierbo genoem is nie meer bestaan nie.

### 7.2.3 Sportwaardes

Omdat sport heelwaarskynlik sosiaal gekwalifiseerd is, is veral sosiale waardes belangrik. Enkele sosiale waardes is: respek vir medesportlui en toeskouers, lojaliteit, welwillendheid, samewerking, vriendelikheid, betroubaar-heid en onselfsugtigheid.

Hoewel hulle nie altyd direk vooropstaan nie, behoort die ander lewenswaardes gelyktydig met die sosiale waardes nagestreef te word. (Respek vir die liggaam en emosionele gebalanseerdheid is

byvoorbeeld belangrik vir goeie sport; en geloofswaardes speel nie net *voor* of *na* 'n wedstryd 'n rol nie.) Enkele ander waardes is die volgende:

- **Biotiese waardes:** respek vir die eie liggaam, gesondheid en die lewe asook dié van die medemens.
- **Psigiese waardes:** emosionele gebalanseerdheid, sensitiwiteit, selfbeheersing en volharding.
- **Analitiese waardes:** onderskeidingsvermoë en helderheid van denke.
- **Taal- en kommunikasiewaardes:** duidelikheid, die waarheid praat en geloofwaardigheid.
- **Ekonomiese waardes:** verantwoordelike rentmeesterskap, wat onder andere soberheid in besteding en bewoënheid vir diegene wat minder het, insluit.
- **Estetiese waardes:** harmonie en skoonheid van beweging.
- **Juridiese waardes:** geregtigheid, regverdigheid, billikheid, gehoorsaamheid aan reëls en respek vir gesag.
- **Sedelike of morele waardes:** trou, integriteit en eerlikheid.
- **Geloofswaardes:** vertroue, toewyding, oorgawe en diens aan God *in* die beoefening van sport.

In Bybelse taal gestel, word al die waardes soos volg saamgevat:

> Alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle aandag rig (Filip. 4:8).

## 8. Terugblik

Aan die begin is gestel dat hedendaagse sport voor groot *probleme* staan: dit bring dikwels eerder die slegte as die goeie in die mens na vore. Die *hipotese* was dat 'n rede vir die probleem kan wees dat mense nie werklik weet wat sport is en hoe dit beoefen moet word nie. Nadat belangrike agtergrondgegewens oor sport verskaf is om die vraagstuk beter te kan begryp, is 'n *metode* gevolg waarvolgens die struktuur en die rigting van sport vasgestel is. Sonder dat dit in detail uitgewerk kon word, was die *resultaat* van die teoretiese verkenning dat dit verrassende praktiese implikasies het vir die

hedendaagse sportwêreld en 'n gesonde sportetiek inhou. Vele sporteuwels kan met dié nuwe insigte bekamp word. Sport hoef nie in 'n sekulêre bedryf te ontaard nie. Dit kan 'n belangrike plek in 'n Christen se roeping in die koninkryk van God vervul.

## Geraadpleegde bronne

BYL, J. 1994. Coming to terms with play, game, sport and athletics. (*In* Hoffman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T., *eds.* Sport, play and leisure in the Christian experience. Sioux Center: Dordt College Press. p. 155-163.)

BYL, J. 1999. Calvinists and Mennonites: a pilot study on shepherding Christianity and sport in Canada. (*In* Byl, J. & Visker, T. Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 311-321.)

BYL, J. & VISKER, T., *eds.* 1999. Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press.

COETZEE, N.A.J. 2000. Sport: 'n etiese samelewingsprobleem. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 36(1 & 2):161-172.

COOPER, J. 1999. The Bible and the body: a Biblical perspective on health and physical education. (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 7-19.)

DAHL, G. 1994. What happened to the leisure revolution? (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 81-91.)

DOOYEWEERD, H. 1975. A new critique of theoretical thought. Vol. 3. Amsterdam: Paris.

DOOYEWEERD, H. 1986. A Christian theory of social institutions. California: The Herman Dooyeweerd Foundation.

EVINK, C.E. 1998. Die belangrijkste bijzaak van het leven. *Beweging,* 62(2):17-20.

FOER, F. 2005. How soccer explains the world: an unlikely theory of globalization. New York: Harper Collins.

GIDMAN, G. & TURKINGTON, D. 1999. We coach "play the wistle" but what happens when the wistle *breaks*? (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 179-201.)

GROENMAN, R.W. 1976. Van praktijkuitoefening tot wetenchapsbeoefening: een studie over enige grondslagen van de lichamelijke opvoedkunde. Meppel: Repro.

HALL, M.W. 1994. Christian ethics in North American sport. (*In* Heintzman, P. Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society.Sioux Center: Dordt College Press. p. 213-221.)

HAWTHORNE, T. & HAWTHORNE, G. 1995. South Africa's sport stars: over-confident, over-rated, over-paid? *Style*: 48-55, October.

HEINTZMAN, P. 1994. Implications to leisure from a review of the Biblical concepts of Sabbath and rest. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society.Sioux Center: Dordt College Press. p. 17-34.)

HEINTZMAN, P., VAN ANDEL, G.A. & VISKER, T.L., *eds.* 1994. Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press.

HOFFMAN, S.J. 1994. Sport, play and leisure in the Christian experience. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 139-154.)

HOOGLAND, J. 1948: Kerk en sport. *Beweging*, 62(2):139-154.

JOHNSTON, R.K. 1994. Work and play: a Biblical perspective. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 7-16.)

KUPER, S. 2006. Soccer against the enemy: how the world's most popular sport starts and fuels revolutions and keeps dictators in power. New York: Nation Books.

MACCARTHY, R., OPPEWAL, D., PETERSON, W. & SPYKMAN, G., *eds.* 1982. Society, state and schools: a case for structural and confessional pluralism. Grand Rapids: Eerdmans.

MACFARLAND, A.L. 1999. Attitudes of member institutions of the coalition of Christian Colleges and Universities (U.S.A.) towards required health and fitness courses in the core curriculum. (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 85-96.)

MARSHALL, P. 1991. Calling, work and rest. Potchefstroom. Institute for Reformational Studies. (Study pamphlet, no 281, May.)

MILLER, R.F. & JARMA, B.O. 1988. Moral and ethical character development: views from past leaders. *Journal of Physical Education, Recreation and Dance,* 59(6):72-78.

OPPERMAN, R.W.J. 1969. Ontspanning, sport en vrye tyd. (*In* Duvenage, S.C.W., *red.* Die atoomeeu "in U lig". Potchefstroom: Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme. p. 379-390.)

POOLEY, J.C. 1984. Physical education and sport and the quality of life. *Journal of Physical Education, Recreation and Dance,* 55(3):45-48.

PRIEST, R.F., KRAUSE, J.V., BEACH, J. 1999. Four-year changes in college athletes' ethical value choices in sports situations. *Research Quarterly for Exercise and Sport,* 70(2):170-178.

PUTTER, W.J. 1992. Wat is sport? (*In* Van der Walt, B.J., *red*. Venster op sport: Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 13-24.)

ROQUES, M. 2003. Fields of God: football and the kingdom of God. Bletchley: Authenitic Lifestyle Media.

RYKEN, L. 1994. The Puritan ethic and Christian leisure for today. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 35-50.)

SCHOLTZ, G.J.L. 1977. Kompetisie en agressie in spel en sport. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

SCHOLTZ, G.J.L. 1992. Agressie en geweld in sport. (*In* Van der Walt, *red.* Venster op sport: Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 161-176.)

SCHOLTZ, G.J.L. & WILLEMSE, J.W. 1991. Antecedents of aggression in sport. *S.A. Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation,* 14(1):51-62.

SKILLEN, J.W. & MACCARTHY, R.M., *eds.* 1991. Political order and the plural structure of society. Atlanta: Scholars Press.

SPYKMAN, G.J. 1994. Toward a Christian perspective on the leisure sciences. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 53-60.)

TIMMER, J. 1999a. Sport education: more necessary than ever. (*In:* Byl, J. & Visker, T. *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. p. 137-152.)

TIMMER, J. 1999b. The effects of religiosity, education and experience on moral reasoning. (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 265-290.)

TOL, A. & BRIL, K.A. 1992. Vollenhoven als wijsgeer: inleidingen en teksten. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

VAN DER WALT, B.J., *red.* 1992. Venster op sport: Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2000a. Visie op die werklikheid: die bevrydende krag van ’n Christelike lewensbeskouing en filosofie. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie.

VAN DER WALT, B.J. 2000b. Meer etiek is nie ’n oplossing vir die hedendaagse krisis van normloosheid nie. (*In* Van der Walt, B.J. Visie op die werklikheid. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 305-310.)

VAN REKEN, C.P. 1999. A reflection on the moral value of interscholastic athletics. (*In* Byl, J. & Visker, J., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves.Sioux Center: Dordt College Press. p. 217-232.)

VAN TONDER, M. 1992. Dimensies van Christenwees in die sportwêreld. (*In* Van der Walt, B.J., *red.* Venster op sport: Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 275-286.)

VAN ZIJL, R. & PUTTER, W. 1992. Geldsport: ja of nee? (*In* Van der Walt, B.J., *red.* Venster op sport: Christelike perspektiewe. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. p. 129-140.)

VERHOOGT, J.P. 1998. Moderniteit, nationaliteit en sport. *Beweging,* 62(2):11-14.

VISKER, T.L. 1994. Play, game and sport in a Reformed, Biblical worldview. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, T.L., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. 164-181.)

VISKER, T.L. & HOFFMAN, S.J. 1997. Leisure, play, game and sport in a Christian perspective. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie. (Study pamphlet, nr. 354.)

WALTON, G.M. 1992. Beyond winning: timeless wisdom of great philosopher coaches. Champion: Leisure Press.

WILLIAMS, B. 1999. The incarnation and the flesh. (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 21-31.)

ZUIDEMA, M.A. 1994. Athletics from a Christian perspective. (*In* Heintzman, P., Van Andel, G.A. & Visker, J., *eds.* Christianity and leisure: issues in a pluralistic society. Sioux Center: Dordt College Press. p. 182-191.)

ZYLSTRA, C.E. 1999. Christian sports and leisure: oxymoron or redundancy? (*In* Byl, J. & Visker, T., *eds.* Physical education, sport and wellness: looking to God as we look at ourselves. Sioux Center: Dordt College Press. p. 167-177.)

**Kernbegrippe:**

Christelike perspektiewe op sport
samelewing en sport
sportetiek
sporteuwels
sportfilosofie

**Key concepts:**

Christian perspectives on sport
evils in sport
philosophy of sport
society and sport
sport ethics